# INLIGTINGSKRYWE RAKENDE DROGINGSKOSTE:
# GRAIN HANDLERS SILO KROONSTAD 2025/2026

Grain Handlers Silo het drogingsfasilteite beskikbaar en is bereid om mielies in te neem met 'n vogpersentasie tot 'n maksimum van 18% onderhewig aan die volgende voorwaardes:

1. Mielies met 'n vogpersentasie tussen 12.5% en 18% sal per standaardformule op vogpersentasie met 'n aftrekking teen bruto massa aangepas word na 12.5%.
2. Die drogingsaanbod vir graanlewerings is onderhewig aan droogoond- en stoorkapasiteit.
3. Daar sal net 'n beperkte hoeveelheid nat mielies ingeneem word vir droging en klante word versoek om vooraf met die silobestuurder kontak te maak om beskikbaarheid te bevestig en te bespreek.
4. Graan wat ontvang en gedroog word, se beskikbaarheid om met die band oor te trek sal afhang van die vogpersentasie soos ontvang en die drogingstempo, maw graan sal eers beskikbaar wees nadat dit gedroog is.
5. Drogingskostes sal aan die folio-eienaar verreken word.
6. Hantering: R70.00 per ton.
7. Dagstoor: R1.15 per ton.
8. Bandoordrag: R24.00 per ton.
9. Die graan moet voor 30 Mei 2025 gelewer word.
10. Die volgende drogingskostetariewe is van toepassing:

| Vogpersentasie | Drogingskoste in R/Ton |
|---|---|
| 12.5% - 14% | NVT |
| 14.1% - 14.5% | R 95 |
| 14.6% - 15.0 % | R 110 |
| 15.1% - 16% | R 125 |
| 16.1% - 17% | R 180 |
| 17.1% - 18% (maks) | R 270 |

Bestuur behou die reg voor om bogenoemde voorwaardes en tariewe te enige tyd te wysig soos wat operasionele omstandighede dit noodsaak. Die silobestuurder sal dit deurlopend monitor en hy kan gekontak word vir verdere inligting.
Enige navrae kan gerig word aan silo.admin@nexgro.co.za .

Die uwe

**GRAIN HANDLERS EIENDOMS BEPERK**
Per:// WIMPIE BOUWER
HOOF: GRAANBESTUUR

**neXgro ®** (A registered trademark of neXgro Holdings (Pty) Ltd)

T +27 11 692 4400 | E info@nexgro.co.za
P Postnet Feather Square Suite #031, Private Bag X2, Ruimsig, 1732
A 22 Furrow Rd, Diswilmar AH, Krugersdorp, 1746
www.nexgro.co.za (For a full overview of our POPIA policy, list of Group companies and respective directors)